

# GEMEENTEBULLETIN

8 JANUARIE 2021



## AANLYN EREDIENSTE

Tydens vlak 3 van inperking word geen eredienste in die kerkgebou aangebied nie. Dienste is wel aanlyn via [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za), of die gemeente se YouTube-kanaal beskikbaar. Kyk elke Sondagoggend vanaf 06:00, of enige dag en tyd daarna, na die opname van die erediens.

**10 Januarie | Ds. Philipp Dietmann**

Perspektief en prioriteite | Filippense 1:9-11

17 Januarie | Ds. Hanno Ackerman

24 Januarie | Ds. René Potgieter

## LEAARS AAN DIENS

Ds. Why Duvenhage (082 570 5931) tot 9 Januarie 2021.

Ds. René Potgieter (079 893 8104) vanaf 10 tot 15 Januarie 2021.

Ds. Marius Breytenbach (082 376 6053) vanaf 15 Januarie 2021.

## ONDERSTEUNING AAN LIDMATE

Heelwat meer mense in ons omgewing en gemeente word skielik deur die tweede golf van die Covid-19-pandemie geraak. Leraars is bewus van 'n hele aantal mense wat tuis siek is, of gehospitaliseer word. Ons gebede is by elke persoon wie se lewe ingrypend deur dié virus beïnvloed word. Ten einde ons in staat te stel om behoorlike ondersteuning te bied, versoek ons dat lidmate asseblief vir ds. René Potgieter in kennis stel indien u weet van 'n vriend, familielid, of iemand in die onmiddellike omgewing wat ernstig siek is. Kontak ds. René Potgieter by [rene@stellenberg.co.za](mailto:rene@stellenberg.co.za)/ 079 893 8104.

## GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou naam + van + stemboodskap na 083 611 4720.

## VAKANSIEKASKENADES 18-20 JAN. 2021

Die vakansieprogram word met die oog op die gewysigde inperkingsmaatreëls tot verdere kennisgewing uitgestel. Hou asb. die bulletin en e-posse vir reëlings in verband met die vakansieprogram dop.

## GRAAD 8-KAMP (ORIËNTERINGSPROGRAM)

Die jaarlikse graad 8-kamp wat vanaf 21 tot 22 Januarie 2021 op die kerk- en skoolterrein sou plaasvind, is tot verdere kennisgewing uitgestel. Hou asb. die bulletin en u e-posse vir verdere inligting dop.

## SKENK OORTOLLIGE KOS

Skep asseblief, indien jy te veel kos gaarmaak, 'n bord kos vir 'n minderbevoorregte persoon uit en vries dit. Jy kan dit in bevrore formaat by die kerkkantoor afgee.

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor word weksdae vanaf 08:00 tot 13:00 beman. In solidariteit met ons land se oorlaaide gesondheidsorgpersoneel en die intensiteit van die tweede vlag van die pandemie, is bepaalde voorsorgmaatreëls ook by die kerkkantoor ingestel om die verspreiding van die Covid-19-virus te bekamp. Besoekers betree nie die kantoor nie, maar kan die klokkie lui en personeel sal u dan te woord staan. Telefoniese navrae, asook e-posse word daaglik hanteer. Moet asb. nie op die kerkterrein sonder 'n masker beweeg nie.

## BYBELLEESPROJEK/BYBELSKOOL

**Bybelskoolkursus van 2020 - '21 aanlyn:** Die eerste twee sessies van die Bybelskoolkursus wat by die Bybelleesprojek aansluit, kan aanlyn op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) gekyk word. Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of leesprojek in te skakel, maar ons beveel tog aan dat lidmate die nuwe vertaling bekom. 'n Gratis Bybelleesgids kan by die kerkkantoor afgehaal word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafripter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na [sos@stellenberg.co.za](mailto:sos@stellenberg.co.za).

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word elke weksdag leeggemaak.

### SnapScan



## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van die volgende lidmate:

- Maria Magdalena Dirkse van Schalkwyk (Marlene) gebore 02/10/1953 en oorlede 15/12/2020. Ons opregte meegevoel met Limpie Dirkse van Schalkwyk, haar eggenoot, wat sy agterlaat. Geen roudiens word beplan nie.
- Johannes Franse gebore 30/07/1964 en oorlede op 20/12/2020. Johannes was sedert 27/04/2009 'n lidmaat van die gemeente. Geen roudiens word beplan nie.
- Neil Llewellyn van der Riet gebore 18/08/1943 en oorlede op 02/01/2021. Neil was sedert 2002 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Trudie, Mauritiussingel 5, wat hy agterlaat. 'n Private roudiens sal deur ds. René Potgieter behartig word.
- Johannes Marthinus Swanepoel gebore 05/12/1947 en oorlede op 02/01/2021. Geen begrafnisreëlings is bekend nie.

## ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za).

za om op die verspreidingslys geplaas te word.

## SKAKELS NA AANLYN EREDIENSTE

Wil jy graag na die aanlyn dienste op jou selfoon kyk?

WhatsApp dan jou selfoonnommer na 083 611 4720 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp op jou selfoon ontvang.